

# SUIDERNUUS

SOUTHERN POST

VRYPAG  
18 Februarie 2022

AGULHAS, BREDASDORP, BUFFELJAGSRIVIER, ELIM, KLIPDALE,  
NAPIER, OUPLAAS, PEARLY BEACH, PROTEM, STRUISBAAI,  
SUURBRAAK, SWELLENDAM, WAENHUISKRANS, WOLVENGAT,

[www.suidernuus.com](http://www.suidernuus.com)



**MIDAS**  
BREDASDORP MIDAS  
Tel: 028 424 1361  
All Saints Street, Bredasdorp

**Municipality  
to tackle  
stray pigs** p.2

**Boekerubriek:  
Visse vreemder  
as fiksie** p.7

**Rangers  
floor  
Bonnievale** p.12

R7.00

ISSN 2220-5705



Die onlangse vuur wat in die berg by Napier verwoesting gesaai het. Die felheid van die vuur is toegeskryf aan die feit dat daar soveel indringerplante in die berg is. Sien berig op bladsy 3. Foto: Verskaf/Pieter Rossouw

**OPTIESE  
VESEL**  
Skakel NOU en  
verseker jou  
installasie!

**BINNEKORT  
BESKIKBAAR  
IN BREDASDORP**



**\*\*ONBEPERKTE GEBRUIK / SPOED  
VANAF 10MBPS TOT 100MBPS**

**GRATIS INSTALLASIE  
EN ROUTER**  
\*\*TERME & VOORWAARDES GELD

**JOU PLAASLIKE VODACOM  
KONNEKSIE VIR DIE AFGELOPE  
22 JAARI**

**telectro**  TEL: 028 424 1986  
Pavilion Sentrum,  
Langstraat, Bredasdorp

**Suidernuus**  
het met ingang van 2022 van  
eienaars verwissel. Lesers en  
adverteerders is welkom om  
ons te kontak op 028 424 1205.  
Ons sien uit om die gemeenskap  
tot diens te wees!

**Southern Post**  
starts 2022 under new ownership.  
Readers and advertisers  
are welcome to contact us at  
028 424 1205. We look forward  
to serving the community!



**JANNIE  
ENGELBRECHT  
OPTOMETRIST**

Tel. 028 425 1540  
Shop 15,  
Pavilion Centre,  
Bredasdorp, 7280

**Onsite lens  
fitting & repairs;  
Contact lens  
practitioner.**





# Redakteursbrief

In die ou dae is die weer dikwels aangevoer as gespreksaanknoper of -vuller, as mens nie eintlik weet waarom om met iemand te praat nie: "Hallo, lekker warm dié week, nê? Wonder wanneer kry ons weer 'n bietjie reën?"

Omtrent net boere het ernstig oor die weer gepraat. Met dié tipe gesprek is mense egter deesdae glad nie meer so nonchalant as in die verlede nie.

Soos ons, het u dalk ook al opgemerk dat vuur, water en klimaat as die groot nuusmakers uitgestaan het in die koerant sedert ons *Suidernuus* laasmaand oorgeneem het.

In ons eerste uitgawe het ons berig oor die enorme Kleinmond-vuur. Toe was daar die waarskuwing van Anton Bredell, die provinsiale minister van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning, oor die merkbare daling in die watervlakke van damme. Ons het berig dat die vlak van Bredasdorp se Vleikloofdam teen mid-Februarie met 'n onrusbarende 20% gedaal het sedert mid-Januarie.

Ons het verslag gedoen oor die versengende hitte 'n paar weke gelede toe die kwik buite Napier amper 50° bereik het. En vandeeweek is die hoofnuus die verwoestende vuur wat vir vyf dae in die berg by Napier gewoed het en wat meer as 4 600 hektaar berggrond en fynbos vernietig het.

Die Overberg is natuurlik midde-in die droë seisoen en dit is die tyd van vure. Nietemin is sulke gebeure 'n ongemaklike stamp in die ribbe om ons te herinner in welke mate ons uitgelewer is aan die elemente.

Selfs met inbegrip van seisoenale tendense, moet 'n mens toegee dat die felheid en frekwensie van

natuurverwante aanslae nie net by ons nie, maar wêreldwyd, onrusbarend toeneem.

Trouens, vir ons wil dit voorkom of ons ongemerk in 'n tipe tydvak inglip waar natuur-verbonde gebeure ons lewens in veel groter mate gaan vorm en gevolglik dus ook nuusgebeure gaan bepaal. Jy sou kon praat van die tydvak van die vier elemente – vuur, water, lug en grond.

Lug hou natuurlik verband met klimaatsverandering en die toename van CO<sup>2</sup> in die atmosfeer. Dit is hierdie aspek wat in 'n groot mate die oorkoepelende rede is vir die groter wispelturigheid van die elemente van vuur en water. En grond hou verband met die mate waarin ons as bevolking aanwas en meer land moet afstaan om mense te vestig en dus ongerepte natuur en voedselproduserende grond inboet.

'n Groot aantal koerante kyk hierdie ontwikkelings mis en bly verknog aan menslike, of dan politiek-gedrewe gebeure. Talle verkies om hul toe te spits op vermaak.

Ons dink dit is onverantwoordelik. Ten spyte van ons formidable tegnologiese vermoë, bly die mens uitgelewer aan die natuur. Die wispelturigheid van die elemente het ingrypende implikasies vir ons as mense. Dus word stories oor die elemente wesenlik stories oor mense.

*Suidernuus* is van voorneme om hierdie gegewe dop te hou en gebalanseerd daarvoor berig te doen. Daarmee wil ons mense toerus met inligting oor wat met ons aan die gebeur is en hoe ons ons daarvoor kan voorberei.

Beste wense,  
Die redakteurs

## Plans in place to tackle stray pigs

**A problem with stray pigs in the Overberg district, which mayor Paul Swart has placed on his list of things to fix in his first 100 days of office, has taken on a more urgent note.**

The outbreak of African swine fever in parts of the southern Cape, namely at George and Mossel Bay, was confirmed in a statement by Western Cape agricultural minister Ivan Meier last week.

While the affected areas have been placed under quarantine, Meier warned that unless quarantine and biosecurity measures are followed strictly, the disease could spread. To date, some 240 pigs have died in the southern Cape of African swine fever.

The concern is that the disease may spread through informal trade, which is difficult to monitor.

There is no effective vaccine available to prevent African

swine fever, which has symptoms much like classic swine fever, including fever, listlessness and lack of appetite, red skin, bloody diarrhoea and vomiting. The highly contagious viral disease poses a serious risk and when acute, leads to high die-off of animals. It has no effect on human health.

*Southern Post* reported last month that Swart had placed the stray pig problem on his to-do list. In the meantime, there have been further complaints about animal welfare and sanitary concerns, raised in a letter published by *Southern Post* in our issue of 4 February.

Cape Agulhas Municipality (CAM) spokesperson Gurswin Prins confirmed that the 200 pigs belong to 41 pig owners which the municipality has on its database. Few of them cooperate, however, when notices are served.

**To page 6**



Stray pigs in the informal settlement.  
Photo: Supplied/Frik Stoffberg

## Dogtertjie se verkragting ruk Bredasdorp

**Die beweerde verkragting van 'n sewejarige dogtertjie op Bredasdorp het dié gemeenskap geskud.**

'n 68-jarige man wat in hegtenis geneem is, het op Dinsdag, 15 Februarie, in die landdroshof op Bredasdorp verskyn. Die saak is op 13 Februarie by die polisie aangehangig gemaak.

'n Dossier oor die verkragting is goopen en die verdagte sal in aanhouding bly totdat die saak weer op 24 Februarie voorkom, het die woordvoerder van Bredasdorp se polisie diens, Adjudant-offisier Jakobus Marthinus, bevestig.

Volgens die polisieverklaring, het die slagoffer buite saam met haar maatjies gespeel toe die verdagte haar na binne geroep het om vleis te kom haal. Toe sy binne gegaan het, het hy die deur gesluit.

Die saak word verder ondersoek deur die eenheid vir gesinsgeweld, kindermishandeling en seksuele oortredings, gesetel by die polisie op Hermanus.

Die polisie stasie op Bredasdorp beskik ook oor 'n spesiale trauma-kamer waar die slagoffers en gesinslede van geweldsmisdade ondersteun word.

**Ora Laubscher**



**Ciska Patel lees die *Suidernuus* by ons kantoor in Kerkstraat ná hy van die pers afgekom het verlede Donderdag, 10 Februarie. Ciska doen hare, maar op Donderdae help sy om die koerant gereed te kry vir die rak. Foto: Mathabo le Roux**



# Felheid van vuur belemmer bestryding: Indringers, klimaattoestande rede vir Napier se megavuur

**Die felheid van die vuur wat die afgelope week by Napier gewoed het, is grotendeels toegeskryf aan die groot hoeveelheid den en ander uitheemse plantegroei op die berg.**

Volgens 'n plaaslike bron behoort die uitroei van uitheemse plante indringend aandag te kry om te verhoed dat brande wat uitbreek so intens en vernietigend raak soos wat verlede week in Napier gebeur het.

Sowat 4 600 hektaar berggrond en aangeplante fynbos het afgebrand in die vuur wat vir vyf dae fel gewoed het. Die vuur is uiteindelik Sondag, 13 Februarie, geblus.

Die dorp self het geen skade gely nie en gelukkig het die brand nie oor die Elim/Baardskeedersbos-pad gesprong nie.

## Rook, wind stuit lugspan

Working for Fire se twee helikopters was deurlopend op die toneel. Weens swak sig as gevolg van wind en digte rook, kon die lugspan egter aanvanklik nie ontplooi word om die vuur te help blus nie.

Verskeie brandspanne het by tye dwarsdeur die nag gespoek om te verhoed dat die brand versprei na blom- en bessieplase wat aan die Napier/Baardskeedersbos/Elim-grondpad grens.

## Brand ook op Struisbaai

'n Bedryfsentrum is op 'n oop stuk grond langs die Napier polisiestasie ingerig om die brandvegters by te staan. goFPA en Napier se buurtwag het deurentyd die pos beman en noodvoorrade aan lede van die onderskeie brandspanne voorsien.

Die gemeenskap en eienaars van besighede in die streek het ruim bygedra om noodvoorrade aan te vul en die brandspanne bygestaan met vrugte, toebroodjies, water en ander bydraes.

Terwyl die rook nog dik oor Napier gehang het, is Working for Fire se helikopterspan op Saterdag, 12 Februarie, ook na Struisbaai uitgeroep.

'n Veldbrand wat digby die Sea Cottage Estate in Struisbaai-Noord uitgebreek het, het gedreig om handuit te ruk. Die helikopters kon met water wat uit die see opgeskep is, die brand betyds blus en het verhoed dat brandskade aan eiendom by 'n stoorkamp in die omgewing aangerig word.

## Working for Water plat af

*Suidernuus* verneem dat van die grondeienaars in die Napier-omgewing heimlik die skade wat die vuur aangerig het aan indringers op die berg, verwelkom het.

Die koste om indringerplante uit te roei is geweldig hoog.

Agulhas Nasionale Park se Alliston Appel het bevestig dat die Working for Water-projek steeds aktief is, hoewel op veel kleiner skaal as voorheen. Working for Water is deur die nasionale regering in 1995 van stapel gestuur om indringerspesies uit te roei.

Die afplatting van die projek se bedrywighede beteken dat private grondeienaars genoop is om ander planne te maak en langs ander weë befondsing moet bekom om indringers op hul grond uit te roei.

Aardverwarming speel egter ook 'n groeiende rol in die frekwensie en felheid van vure.

Klimaatverandering verhoog die risiko van vuur en Suid-Afrika spook, soos lande wêreldwyd, toenemend met sogenaamde 'megavure'.

Louise Wessels, die bestuurder van goFPA wat vure in die groter Overberg bestry, het vroeër bevestig dat meer as 2 miljoen hektaar grond laasjaar in Suid-Afrika afgebrand het.

**Ora Laubscher**

**REGS: Denne brand in die berg by Napier. Foto: Verskaf/Pieter Rossouw**



**LINKS: Reinard Geldenhuys, hoof van Overberg Brand en Rampbestuur, en Pieter Rossouw en Louise Wessels van Overberg FPA in die Nooddienste se mobiele beheersentrum op Napier tydens die vuur. Foto: Ora Laubscher**



# Swaarkry lê voor vir diere ná Napier se berg afbrand

**Die verwoestende brand in Napier se berg die afgelope week het ingrypende implikasies vir die wild, voëls en bye in die omgewing.**

Met die ondersoek na skade het Stephen Smuts, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Botaniese Vereniging se Suid-Overberg-tak, vertel dat hy op talle dooie slange en ook 'n skilpad afgekom het.

Smuts het ook die spore van bokkies en rooikatte opgemerk wat kom skuiling soek het naby sy huis waar die veld nie gebrand het nie. "Almal sal desperaat wees vir iets om te eet."

Dit word voorsien dat die diere

bitter swaar sal kry om te oorleef totdat die veld herstel het.

Die vernietiging van heelwat fynbos deur die brand beteken dat sekere voëlsoorte, soos suiker-voëls en suikerbekkies sal vrek of uit die gebied padgee omdat hulle in geheel afhanklik is van die blomme se nektar, het Smuts gesê.

Ook die plaaslike veldblom-bedryf, wat reeds deur Covid-19-bepelings groot skade gely het, is swaar getref. Kontrakteurs en hul plukkers sal volgens Smuts veel verder moet ry om veldblomme te bekom. Op Napier se berg het bitter min oorgebly.

**Ora Laubscher**



**'n Gestreepte skaapsteker (*Psammophylax tritaeniatatus*) wat deur die vuur oorval is. Stephen Smuts vertel dat hy ná die vuur op verskeie skaapstekers afgekom het op sy eie grond, hoewel geen van die giftige slange nie. Hy het ook 'n dooie skilpadjie gevind wat probeer skuil het tussen 'n paar stompe. Foto: Stephen Smuts**



# Look with your eyes, not with your hands

An otter with her cubs were recently clicked at Struis Bay. Otters are near threatened and therefore enjoy protection. The Humane Society International – Africa asked people to keep a distance from the animals.

Otter habitats are shrinking dramatically on account of urban development along coasts and riverbanks. This means the animals are becoming more visible in urbanised terrain and also more habituated to people.

Nicci Wright, a wildlife specialist for the Humane Society International – Africa and member of the African Otter Advisory Group, warned that otters are apex predators and will defend themselves and their territory if people get too close, or dogs are off leash.

They are particularly fierce when

they have cubs.

The African clawless otter counts among 13 otter species and is the third largest in the world. It is widely distributed throughout South Africa. While they are largely known to be freshwater mammals, they do occur in marine habitats where there is also access to fresh water.

Otters are usually solitary, but when there is enough food around, they can be found in family groups, mostly of females with their cubs or, more rarely, males and females with their young.

African clawless otter numbers are declining and the species is currently listed as near-threatened. The main threats are poaching for skin and body parts and habitat loss on account of urbanisation.

**Local reporter and Humane Society International – Africa**



The otter mum with her cubs recently seen at Struisbaai. Photo: Melissa van Breda



## Southbosch Wetlands Open Day

### 19 February 2022



**Time: 09:00 – 16:00**

**Bring own picnic**

**Activities:** Birding, Walking, Canoeing (bring own canoe/kayak), Painting/Drawing (bring own artist's requisites)

**Display:** Nuwejaars Wetlands

**Sites:** Southbosch pan, Nuwejaars River, Saltpans

**Remember sun screen, hat, closed shoes, long pants and sleeves, insect repellent; Covid 19 regulations prevail**

**For more information:**  
**Emmerentia De Kock**  
 dekockemma@gmail.com  
**Marie Van As**  
 vanasmarie@gmail.com



Did you know that **3 people** may be saved from the blood donated by **1** person?



 <p><b>Anglican Church Holy Eucharist at</b> All Saints' Church: 09h30 Heilige Kommuie by Kerk van Heilige Gees: 07h30 028 424 1668</p> <p><b>Afrikaanse Protestantse Kerk</b> Gansbaai by Birkenhead Bootklub, Gansbaaihaw 2de en 4de Sondag van die maand om 10h00</p> <p><b>AGS Bredasdorp</b> Hoopstraat 50 Erediens: 09h30 Kinderkerk tydens diens Walters Joubert 082 897 6065</p> <p><b>Betanië Pinkster</b> Akasiastraat 11 Sondagoggend: 10h00 Apostel Prins 076 208 3881</p>	<p><b>Bet-el Kerk</b> Sondagoggend: 10h00 Sondagaand: 18h00 028 424 1922</p> <p><b>Bredasdorp Catholic Church</b> All Saints, Anglican Church, All Saints Street, Bredasdorp Communion Service: Every 1<sup>st</sup> &amp; 3<sup>rd</sup> Sunday Mass every 2<sup>nd</sup> &amp; 4<sup>th</sup> Sunday 11h30 Contact Barbara Mandy 028 424 2720 / 082 926 8622</p> <p><b>Bredasdorp Inter-Denominational Church</b> ACVV Dienssentrum Hopley Street Sunday Morning: 09h00 Des Moore 076 191 4832</p> <p><b>BAH'A'I Sentrum</b> Rekreasiestraat 2 Bredasdorp Children's Wednesday class: 15h30 Devotional Sundays: 10h00</p> <p><b>Die Ou Apostoliese Kerk van Afrika</b> Sondagoggend: 09h45 Sondagaand: 16h45 072 259 5246</p>	<p><b>Elohim Apostolic Church Ministries of S.A.</b> 54 Brand Street Sundays: 10h00 Apostel Freek Europa 073 451 0161</p> <p><b>Evangelies Gereformeerde Kerk</b> Golfstraat 4, Bredasdorp Sondagoggend: 10h00 Kinderbediening: 09h00 Sondagaand: 18h00 Leraar: Ds. Dillwyn Jones 076 571 8782 / 028 424 2847</p> <p><b>Every Nation Gemeente (Ou Apteek)</b> Dirkie Uysstraat 18 Bredasdorp Sondagoggend: 09h30 Eben 082 598 9199</p> <p><b>Gereformeerde Kerk Agulhas</b> Plantasiestraat, Bredasdorp Erediens: 10h00 Nico du Plessis 083 572 4952 028 424 1993 (n/u) 028 435 6099</p> <p><b>Hervormde Kerk</b> H/v Viljoen- &amp; Plantasiestraat Bredasdorp Sondagoggend: 08h00 028 514 1546</p>	<p><b>Kingdom Revival Community Ministries</b> Welverdiend Biblioteek Ou Meulestraat Sondagoggend: 10h00 Navrae: Past. Minnie Jantjies 063 190 5361</p> <p><b>Koninkryk Bediening</b> Sondagoggend: 09h00 - Earth 09h30 - Bredasdorp Woensdagaand, Bybelstudie: 18h00 - Earth 18h00 Hoofweg 74, Struisbaai Past. Jetro Kruger 082 678 6266</p> <p><b>Metropolitan Evangeliese Kerk</b> Sondagoggend: 09h00 Sondagaand: 18h00 Eerw. H. Kastoor 028 424 1820 / 072 607 3423</p> <p><b>Morawiese Kerk</b> Sondagoggend: 10h00 Woensdagaand: 19h30 H. Linnert 028 424 2497</p> <p><b>Morningstar Youth Five Fold Ministries (Arniston)</b> Sondagoggend: 09h30 Tel: 028 445 9224</p> <p><b>NG Kerk Bredasdorp</b> Sondagoggend: 09h30 Sondagaand: Sien Kerkprogram</p>	<p><b>NG Kerk Napier</b> Engelse Diens: 08h00 Erediens: 09h30 Tel. 028 423 3457 Ds. Frikkie Marais 083 664 6861</p> <p><b>NG Kerk Suidpunt</b> Agulhas 08h00 Struisbaai 09h30</p> <p><b>Nuwe Apostoliese Kerk</b> Sondagoggend: 09h00 Sondagskool: 11h00-12h00 Woensdagaand: 19h30 BREDASDORP Sean Andrews 072 039 9461 NAPIER George Diedericks 082 595 1363 STRUISBAAI Karel Witbooi 073 012 3181</p> <p><b>Sewende Dag Adventiste Kerk</b> Sabbatskool: 09h15-10h45 Erediens: 11h00-12h00 Leraar: P. Neuhoff 082 539 5478 Kontakpersoon: S. Uitlander 073 020 2739</p> <p><b>South Point Interdenominational Church</b> NG Church Hall Cooper Street Agulhas: 18h00 Des Moore 076 191 4832</p>	<p><b>Suidpunt Christen Gemeenskap</b> Hoofweg, Struisbaai Oggenddienste: 09h30 Leraar: E.A. Mentor 079 340 1785</p> <p><b>The Church of Christ Jesus</b> Struisbaai North Morning Service: 11h15 Peet Zeeman / Mike Steventon 082 816 2789</p> <p><b>VG Kerk Bredasdorp</b> Sondagoggend: 09h30 Sondagaand: 18h00 028 424 1227</p> <p><b>VGK Kerk Struisbaai</b> Struisbaai-Noord Sondagoggend: 10h30 Ds. Willie Kleyn 028 435 6783</p> <p><b>Waaenhuis Pinkster Arniston</b> Steenbrasstraat 557 Sondae: 10h00 Pastoor P. Leonard 072 607 3423</p>
---	---	--	--	---	--



# Die tande van die jare: Napier se Sint Saviours-kerkie

**Suidernuus se erfenis-artikel oor die volksbouhuisies wat op Napier aan die verval is (4 Februarie 2022, 'Lank gelede se eergisters') het groot reaksie by lesers uitgelok.**

'n Soortgelyke huisie op Bredasdorp is ook aan ons uitgewys. Die huisie se dak het aan die een kant inmeekaargesak. Die hele bouwerk is glo onstabiel en sal mettertyd ook inmeekaarstort. Omdat die gebou ouer as 60 jaar is, mag dit nie gesloop word nie. Niemand neem blykbaar egter inisiatief om die struktuur te probeer red nie.

Die artikel het ook ander argitektoniese en historiese erfenis onder die loop gebring wat vir die streek verlore gegaan het as gevolg van verwaarloosing, agterloosigheid of selfs onmin en diefstal.

Op die hoek van Hoog- en Kerkstraat, ook op Napier, het die ou Sint Saviours Anglikaanse kerkie tot kort voor die dorp se 150<sup>ste</sup> bestaansher-

denking in 1988 nog gestaan. Die kerkvaders en die inwoners wat graag die eiendom wou bewaar, kon egter nie tot 'n vergelyk kom oor hoe om die projek aan te pak nie.

Midde-in dié dooie-punt, het die kerk se grasdak een nag onder 'n stormwind inmeekaargesak. Die gebou se struktuur is in die proses erg beskadig en die gemeenskap was derhalwe genoop om die kerkie uiteindelik te sloop.

## 'n Klok raak stil

Die gemeente het daarna na die Anglikaanse skoolgebou in Nuwerus verhuis. Daar het Sint Saviours 'n verdere terugslag gekry toe die kerkklok in September 2020 gesteel is, vermoedelik om as skroot verkoop te word. Die kerkklok was nog 'n historiese skeeps-wrakklok wat uit die negentiende eeu dateer het.

Die digter en voormalige diplomaat Julian de Wette wat op Napier bly, het in sy gedig *Napier-belydenis* geskryf oor

die vyf klokke wat Sondag lui op Napier, terwyl die winkels om halftien sluit vir 'n uur. Een van daardie klokke het egter met die verlies van Sint Saviours se skeeps-wrakklok stil geraak.

Die diefstal het die NG Kerk op die buurdorp Riviersonderend oorreed om as voorsorgmaatreeël ook sy eie, historiese skeeps-wrakklok uit die kloktoring te laat verwyder en te stoor om te voorkom dat dit dieselfde pad loop.

## BNK-huisies

Daar is egter ook erfenis wat 'n gelukkiger uiteinde het. Op Napier staan huisies

**REGS: Argief-foto's van die Sint Saviours kerkie voor en ná die dak ingestort het.**



**LINKS: Die BNK-huisie op Napier voor en ná die Elpida Stigting dit gerestoureer het. Foto's: Ora Laubscher en die Elpida Stigting**

wat bekend is as die Korporasie-huise, omdat dit aanvanklik gebou is deur Bredasdorp Napier Koöperasie (BNK) vir hul werknemers.

Hoewel hulle nie oorspronklike volksbou-huise is nie, lyk hulle op die ou huisies en waar die kombuis of vuurherd binne die

gebou geplaas is, het hulle ook die kenmerkende skoorsteen. Die geboutjies is almal ouer as 60.

Die Elpida-stigting het laasjaar twee van die huise – in Geelstraat en Herzogstraat – gerestoureer en gebruik hulle vir die stigting se werk.

**Ora Laubscher**

**REGS en ONDER: Die ou skeeps-wrakklok van Sint Saviours wat gesteel is en die leë klokstaander. Foto's: Ora Laubscher**





# Stray pig problem takes on more urgent note

From page 2

The keeping of animals is regulated by a municipal by-law gazetted in 2015, and which makes specific provision for the keeping of pigs. It prescribes fairly sophisticated conditions for the keeping of pigs. However, the regulation is simply not applied in this instance.

"The municipality has talks with the pig farmers and we are currently busy with a formal registration

process. A notice was also served to all pig farmers where they had to agree to certain rules and accept certain responsibilities as set out in the notice," Prins told *Southern Post*.

A draft intervention strategy and animal control plan has been tabled and is to be discussed by the relevant municipal structures.

"It must be noted that there is no immediate solution, but CAM will continuously strive to improve the

situation, exercise better control over numbers and establish acceptable infrastructure over the medium and longer term," Prins said. Fencing will also be set up to keep the pigs off the roads.

Welfare concerns about the pigs prompted an inspection by SPCA Swellendam and a report was issued.

Prins confirmed that different role players are in regular communi-

cation about the issue.

Meanwhile, the Animal Anti-Cruelty League's Bredasdorp branch has confirmed that it investigated numerous complaints about the stray pig issue. "All reported complaints regarding the welfare of animals, as well as instances of cruelty, are attended to," a spokesperson of the organisation said.

**Ora Laubscher and Mathabo le Roux**

## INFO / INLIGTING

### ACCOMMODATION

#### CONTRACTORS ACCOMMODATION NAPIER

**DORMITARY LAYOUT**  
2 x 4 Beds  
1x Single Bed Formans Unit  
(Bed linen not included)  
2 x Kitchens - Gas Stoves  
5 x Hot Water Showers  
& WC's  
Self Catering - Cutlery,  
Crockery - Refridgeration, TV  
Lounge, Full DSTV Package  
R100 p.p.p. day

Noelene  
083 260 1975

### AFDELINGSWINKEL

#### Under Cover

H/v Fletcher & Langstraat  
Bredasdorp  
Tel: 028 424 1113

### ONDER NUWE BESTUUR

Kom maak gerus 'n  
draai en besigtig ons  
nuwe voorraad.

### ANIMALS / DIERE



**Christine Moul**  
082 898 0787  
**Kerri Giliomee**  
082 712 8331

### ANTIEKE MEUBELS



### BLINDS / BELIGTING



### GLAS



**Plaaslike Vervaardigde Produkte**  
Vensters • Skuifdeure • Balkonrelings  
Shopfronts • Stortdeure • Spieëls  
Houtvervanging  
Aluminium Diefwering  
Tel./Faks: 028 435 6050-Sel. 082 380 1061

### LANDMETERS & STADSBEPLANNERS

**Town & Country**  
Tel: 028 424 1545  
Faks: 028 425 2085

Topografiese Opmetings  
Bakenherplasinge  
Hoogtesertifikate  
Ingenieursopmetings  
Onderverdelings  
Servitude & Konsolidasies  
Regstelling van Grense  
**FRANK TRUTER: 083 412 4698**  
**PROFESIONELE LANDMETER**  
Ontwikkelingsuitlegte  
Onderverdeling van erwe en plase  
Hersonering & Afwyking  
Vergunningsgebruike  
Opheffing van Beperkings  
**LOUNA TRUTER: 083 481 3603**  
**PROFESIONELE STADSBEPLANNER**  
Uniestraat 30, BREDASDORP

**Info** tel: 028 424 1205/16  
**Advertensie**  
suidernuusads@isat.co.za

### LOGGING

**Fynbos Wendy's**  
**WENDY HOUSES & TOOLSHEDS**  
**NUTEC BOARD OR PINE CLADDING**  
& VARIOUS UPGRADES TO CHOOSE FROM  
**FINANCE AVAILABLE**  
C: 028 384 1587 | T: 072 858 2822  
E: fynboswendy@outlook.com  
Web: www.fynboswendy.co.za

**FYNBOS POLE DEPOT**  
Cell: 0828955949 / Office: 028384 1587  
E-mail: timberlog@telkomsa.net  
Website: www.fynbospoles.co.za

- POLES & SPLITPOLES (CCA TREATED)
- DROPPERS & LATHS
- RUSTIC & CLEAR-CUT PLANKS
- WOODCHIPS & SAWDUST
- WENDYHOUSES
- FIREWOOD

Hermanus, 20 Mimosa Street  
Bredasdorp, 4 All Saint Street

### LOODGIETERS

**Louw's Loodgieters**

- Alle loodgieter Konstruksie en instandhoudingswerk
- Geyser probleme, Wasmasjiene/Skottelgoedwaser Installasies
- Gebarste pype of druppelende krane, Verstopte riole
- Gemagtigde Kwikot, Franke, Duratherm & Heat Tech Geyser agent
- Solar (pv) sonkrag stelsels vir huise, plase ens.
- Op meeste versekeringsmaatskappye se paneel van loodgieters.

Sel. 082 922 1378 Tel/Faks: 028 435 7854  
E-pos: tlouw@mweb.co.za  
Hoofweg 81, Posbus 486 STRUISBAAI 7285



## KOOP 'N PLAKKER VIR R10.00 EN STAAN 'N KANS OM GROOT PRYSE TE WEN

Plakkers tans by die volgende  
instansies beskikbaar:  
Radio Overberg, CBR Verwe,  
Biltong Land, The Wave en Die Barbier



### ONDERSTEUN DIE GEMEENSKAP

### 12 weke @ R480/R960



# Boekerubriek

## Visse vreemder as fiksie

Foto's van die enorme marlyn wat vroeër vandeemaand in Struisbaai wal toe gebring is, het my laat dink aan 'n ander groot vis in 'n ander groot storie.

Want kyk jy na daardie foto, weet jy: Party visse is – soos die waarheid – ook soms vreemder as fiksie.

Ek het natuurlik gedink aan Ernest Hemingway se *The old man and the sea* waarin die hoofkarakter diepsee toe gaan in 'n laaste desperate poging om 'n groot marlyn te vang. Een van die heel grotes.

'n Mens wil nie die boek bederf vir diegene wat dit nog nie gelees het nie, maar kortom: Die visserman vang die Groot Vis, maar dit kos hom byna sy boot en byna sy lewe. En die vis...? Nou, ja. Lees maar self as jy nog nie het nie. Die boekie is dun en lees lekker.

'n Buurvrou van my stuur verlede jaar vir my 'n webskakel na 'n ander verhaal wat Ernest Hemingway waarskynlik in die 1930's geskryf het, maar wat in 2020 vir die eerste keer aanlyn gepubliseer is. Dié verhaal handel oor 'n man wat sy vakansie aan die Kubaanse kus deurgebring het op jag na marlyn. Die parallele tussen die twee verhale is merkbaar.

'Pursuit as Happiness' word as 'n kortverhaal aangebied, maar jy kan jou maklik misgis dat dit 'n artikel is oor die skrywer se vakansie. Die hoofkarakter se naam is ook Ernest Hemingway en hy is ook 'n skrywer.

### 'The big ones'

Mr. Josie – die man op wie se boot Ernest marlyn jag – moedig hom aan om na die eerste maand vir nóg 'n maand die boot te huur en te wag vir wanneer die "big ones" kom.

"Carlos says they've got to come in this next month," he said. Carlos was our Cuban mate and a great commercial marlin fisherman. "He says he never saw such a current and when they come they'll be something like we never seen. He says they've got to come."

Mr. Josie stel voor dat Ernest gedurende die tweede maand die sosiale lewe 'n bietjie afskaal. "The social life is what wears you out, Cap. But I don't mean none at all. Just take it on Saturday nights." En dat Ernest soggens vroeg moet begin skryf "and you can get a day's work done by eight o'clock. Carlos and I'll have everything ready to go and you just step on board."

Mr. Josie meen die visse wat gaan kom, is "the kind that can run over a thousand pounds". (Ek verstaan die een wat op Struisbaai gevang is, het die skaal by 700 pond getrek?)

Kom ons spaar die storie vir die leser en keer terug na die waarheid wat soms vreemder is as fiksie. Is

'Pursuit as Happiness' fiksie of outobiografie? Dit is ongetwyfeld sterk outobiografie. En gegewe die outobiografiese aard van dié verhaal, en hoe dit ontvou, sou geen leser kwalik geneem kon word indien hulle sou aanneem dat *The old man and the sea* deur hierdie ervaring in Hemingway se lewe geïnspireer is nie.

Volgens die Britse koerant *The Guardian*, meen Hemingway se kleinseun, Seán Hemingway dat die storie bepaald sterk outobiografie is. Hy verkies egter om daaraan te dink as "invention".

"It is certainly possible that the story was inspired by a particular fishing trip in the summer of 1933, when the story is set, but in my opinion it was more likely inspired by several different experiences, to which the author has added fictional elements that improve upon the story," haal *The Guardian* vir Seán Hemingway, die skrywer se kleinseun, aan.

Miskien is 'Pursuit as Happiness' dus die effe gefiksionaliseerde weergawe van die werklikheid. 'n Skrywer se verskillende vakansies as marlynvanger versmelt in een verhaal. (Onthou ons almal nie soms ons jeugvakansies later as een lang vakansie nie?)

Maar *The old man and the sea* is wat uit daardie ervarings gebore is. Dit is nie die ervaring nie. Dit is wat daarna kom. Dit is die produk van 'n diepgaande kreatiewe proses. Die storie is toetentaal fiksie.

Of is dit? Want daardie verhaal, kan ons vermoed, sou slegs moontlik gewees het as Ernest Hemingway destyds aan sy eie lyf gevoel het – soos in 'Pursuit as Happiness' – hoe een van die "big ones" met die visserman se lyf kan stoei.


In 'n stadium stoei die hoofkarakter in 'Pursuit as Happiness' reeds vir sowat vier ure. Ernest se lyf moet afgespons word. Toue moet geruil word. Hande wil meegee. Die stok buig in 'n stadium so ver om dat sy punt aan die water raak. Dinge raak tegnies. Aldus Mr. Josie:

"Carlos says he's coming up. He says he caught so much air jumping he can't go deep and die. He says that this is the way the big ones always act at the end when they're jumped a lot. I counted him jumping thirty-six times and maybe I missed some."

Kan iemand wat nog nooit 'n marlyn gevang het nie, só oor marlynvang skryf?

In 'n stadium vra Ernest vir Mr. Josie waarom hy meen hy moet skryf. Een van Mr. Josie se voorstelle: "Why don't you write one about just things that you and I know?"

Anneli Groenewald



## Die een wat nie weggekom het nie



'n Swartmarlyn wat amper 330,7kg ingeweeg het, is verlede naweek by Struisbaai gevang. Daar was groot opwinding in die hawe toe die boot met die vis inkom, en dit was so swaar dat die vissers gespook het om die vis opgelig te kry. Die vis, wat gevang is net voor die aanvang van die Two Oceans se Sestiende Marlyn Hengeltoernooi, is egter dood en daarom gediskwalifiseer van die kompetisie. Snoetvisse mag vir dié kompetisie slegs op 'n vang-en-vrystel manier gevang word. Foto: Rita Willemse

# PS

## LANDBOUDIENSTE

Official Distributor of



### Kontakbesonderhede

Kantoor: 028 514 2021  
 Parte afdeling: 028 514 1785  
 Parte selfoon: 076 089 2234  
 Epos adres: pslandboudienste@gmail.com



# Climate breakdown is knocking the natural world out of sync – and we should all be worried

**Just like us, the natural world dances to the rhythms of its seasonal cycles. We all enjoy the first suggestions of spring as trees come into leaf, migrant birds arrive, bees and butterflies emerge, and men in cities start wearing shorts.**

These signs traditionally mark the start of a busy season of growth and reproduction for many species. But climate breakdown is altering the timing of many of the natural world's seasonal cues. This is knocking different elements of the living planet out of sync with each other, with potentially disastrous consequences for ecosystems.

Spring is arriving earlier throughout the world's temperate and polar regions, but the species that live there are responding differently to the season's advance. This happens because they use different cues, which respond to climate breakdown in different ways, if at all.

For example, some species may react to the temperature reaching a minimum threshold or the melting of the last snow, cues that are happening earlier as global temperatures rise and unseasonable heatwaves become more common. However, others respond to day length, which is unaffected by climate breakdown.

As the timings of age-old seasonal cues diverge with climate breakdown, some species are already starting to breed at different times relative to others they interact with, such as their prey. This can disrupt interactions that are critical to their life cycles. It's a growing

problem known as "phenological mismatch".

Take, for example, the birds of European oak woods, such as the blue tit, great tit and pied flycatcher. They all depend on caterpillars to feed their chicks, but the caterpillars are emerging earlier than they have in the past, and the birds are unable to keep up. For every ten-day advance in caterpillar emergence, the birds are only able to bring forward their egg laying by three to five days, depending on the species.

As a result, bird appetites are greatest after the period of peak caterpillar availability, and this reduces their reproductive success. In the Netherlands, this has caused pied flycatcher populations to crash by over 90%.

Such mismatches may be most pronounced towards the poles, where temperatures are rising much faster than the global average. In the tundra of Greenland, the date on which insects are at their most abundant has been advancing by over a day a year since the mid 1990s. However, the hatching dates of the sanderling, a small shorebird, remain unchanged.

The birds can't breed earlier because that would increase the chance of losing their eggs to Arctic foxes. After two decades of unequal shifting in the food chain, the main banquet is already over when sanderling chicks are born, though more research is needed to understand how this is affecting their population.

Mismatches aren't limited to predator-prey interactions. They can also affect age-old partnerships between plants and their pollinators. The early spider-orchid vaguely resembles the female of the buffish mining bee and, like the closely related bee orchid, releases pheromones to trick the male bees into mating with it. In doing so, the bees inadvertently pollinate the flower.

Orchid flowering is timed to coincide with the brief window between male and female bees emerging, so the males have nothing to mate with but flowers. But in warmer springs, the earlier emergence of females cuts this window, probably reducing the number of bees visiting and pollinating these orchids. Given the importance of insect pollination to agriculture and the functioning of ecosystems, the potential for such mismatches should be great cause for concern.

## Cascading concerns

Perhaps more worrying still, the impacts of these asynchronies are not confined to the species directly involved: they may cascade right through an ecosystem. For example, mismatches between birds and caterpillars may not only be bad for the birds. Now less likely to be hunted in their early lives, caterpillars can significantly reduce a tree's foliage, and this could have knock-on effects for other insect herbivores that graze them, and in turn the animals that feed on these insects.

Research on such ecosystem impacts is still in its infancy, but experiments in Alaska suggest that they could even contribute to climate feedbacks – processes that amplify global heating. There, the early return from migration of the Pacific black brant (a wild goose) means that the plants it feeds on lose more mass.

While the change is good for the goose, it turns the ecosystem from a net absorber of carbon to a net emitter, exacerbating climate breakdown.

There is much we still don't understand about climate breakdown's impacts on our fragile nature, and phenological mismatches are particularly complex to study. But what's clear is that species and ecosystems, already weakened by habitat destruction, overharvesting, invasive species and pollution, face a major new threat.

If we are to have any chance of preserving the living planet and avoiding the extinction of a million species, then we need to do more than stop climate breakdown. We need to invest in conservation too, to help wild plants and animals adapt to the changes we've already locked in. Not doing so would be bad news for all of us.

**Charlie Gardner**  
The author is lecturer in  
Conservation Biology at the  
University of Kent

This article was originally published on the website of *The Conversation Africa*



The Eurasian blue tit. Photo: Bengt Nyman, Vaxholm, Sweden

**THE**  
**CONVERSATION**  
Africa



A male European pied flycatcher in Haukipudas, Finland Photo: Estormiz



# In die voetspoor van Herrie op die ou tremspoor ...

Die werk van die veelsydige Afrikaanse skrywer C. J. Langenhoven het die leesjaar van die Bredasdorpse leeskring op, 15 Februarie, afgeskop om 'n tafel op Waenhuiskrans.



Yzelle Rabie gesels oor Langenhoven se werk tydens die eerste leeskring van die jaar.

Dit is die eerste keer in amper twee jaar wat die kring weer saam is, om welke redes almal bewus is, en hulle het besluit om hul dié jaar in te grawe in werke van die Afrikaanse literatuur se ouergarde.

Die reeks het begin met Langenhoven, wie se bekendste skrywe sekerlik die woorde van *Die Stem* sal wees. Ook taalvegter, politikus en stigter van *Die Burger*, was Sagmoedige Neelsie 'n veelsydige skrywer van prosa, verse,



Langenhoven was 'n veelsydige skrywer.

kinderverhale en selfs spookstories. Sy oeuvre is vervat in die nimlike 20-band Versamelde Werke in rooi gebind wat in soveel Afrikaanhuise op die rak gestaan het.

Die oggend se bespreking is onder meer gewy aan J. C. Kannemeyer (1996) se *Langenhoven: 'n lewe en Op soek na Saartjie*, 'n biografiese werk deur Dominique Malherbe wat verlede jaar verskyn het. Laasgenoemde handel oor die lewe van Sarah Goldblatt, wat Langenhoven se

literêre nalatenskap bestuur het.

Langenhoven (1873-1932), wat van Ladismith af gekom en later jare op Oudtshoorn gebly het, was bekend vir sy spitsvondige sêgoed en raakhede, en die leeskringlede het elk 'n koevert met 'n spreuk ontvang om voor te lees en saam te neem huis toe.

Volgende op die leeskring se boeklys is onder meer die werke van Sangiro, Uys Krige, D. F. Malherbe, Pieter Fourie en J. M. Coetzee.

Ora Laubscher



Die Bredasdorp Leeskring het hul ontmoetings vandeeweek op 15 Februarie 2022 op Waenhuiskrans afgeskop.

## Die Pakstoor vir Gevonde Voorwerpe



Dit is swaar om in 'n vreemde land te bly. Soms voel dit of jy op 'n ander planeet is. Om eenvoudige dinge te doen, oorweldig jou, veral as dit in 'n vreemde taal moet gebeur.

Jy moet 'n nuwe bankrekening oopmaak, aan 'n dokter verduidelik wat skort en vir 'n haarkapper sê hoe sy jou hare moet kap. En as jy wil mieliekoekies bak, kry jy nie by jou inkopieswinkel die geroemde mielies wat by Spar op die rak staan nie.

En dan het 'n mens soms vreemdsoortige gewaarwordinge, soos in dié storie wat volg:

Oppad werk toe los ek my hand-sak op die bus. Ek verloor my permitte, bankkaart en paspoort; my selfoon, versekeringskaart, my ID raak vermis. Die verlies is onbeskryflik. Asof ekself verdwyn.

Die stad waar ek gewoon het, het 'n ganse sisteem, om besittings wat verlore gaan – op bus, trem of treinspoor – op te spoor en te stoor in 'n pakstoor, nie ver van van my huis nie, waar regmatige eienaars hul besittings kan kom opeis.

Toe ek my vriend Pêdêtes bel en van die pakstoor vertel, sê hy: "In Suid-Afrika sou so 'n sisteem gans oorbodig wees. Ons weet mos optelgoed is hougoed en enigiets wat rondlê word spoedig hereien. Dié gewoonte werk nou so voortreflik," lap Pêdêtes plesierig

die plaaslike nuus uit: "Die regering wil vaste bates as optelgoed herklassifiseer om so momentum aan grondhervorming gee."

By die Pakstoor vir Gevonde Voorwerpe kry jy 'n kaartjie by die deur, en wag nes by die poskantoor in 'n ry vir bediening. Behalwe, agter die amptenare by die Pakstoor lê briewe en pakkies nie in poshokkies gestoor nie, maar staan rakke wat reik tot teen die plafon, volgestapel met artikels wat mense kwyt is.

Dis gekategoriseer volgens dag van die vonds, gerangskik na gelang van aard, grootte en vorm: rugsakke links, handsakke regs, inkopiesakke in die middel. Daar's plek vir uiteenlopende enorme objekte, soos skiborde, kinderwaentjies en rekenaarmonitors. En rakke staan vol klere, terwyl persoonlike goed soos, sê maar, valstande of gehoorstukke, in lapsakke lê, waardeur mense kan soek om dit wat hulle verloor het weer op te spoor. En oor alles hang die reuk van mens.

Eenkeer in die ry by die Pakstoor het ek bespeur hoe 'n amptenaar 'n sak bril omgekeer het. Die paartjie wat hul verlies aangemeld het, het vir twintig minute deur die hoop gekrap. Bygesê, die bysiende man het die proses heelwat vertraag, want hy't elke bril tot vlak voor sy oë gebring om te sien of enige van die kykers syne was. Helaas, sy bril

was nie daar nie.

Om die waarheid te sê: ek het nooit enigiemand herenig sien word met iets wat op 'n ryding op die dorp voete gekry het nie. Ek kon dus nie anders as om te wonder of die voorwerpe in die Pakstoor 'n ander karakter aanneem nie. Dis haas nie ondenkbaar nie dat die voorwerpe vorm verloor en onherkenbaar raak.

Dis selfs moontlik dat die dinge onafhanklikheid kry, 'n gemeenskaplike doel in die pakstoor ontwikkel. 'n Mens kan konstateer dat die goed 'n soort agentskap bekom en onder 'n organisering-beginsel begin optree, deur 'n institusionele struktuur bemiddel: die infrastruktuur dan wat die pakstoor sou bied. Soos sade in aarde geval saadskiet.

En ek had dit ook nie mis nie.

Toe ek my rugsak met my verlore identiteit by die Pakstoor gaan soek het, was die reuk van gebruikte

'n golem verrys, so yslik, toe dit regop kom, moes dit buig.

Dit was van aarde aanme-kaargesit, opsigself wel onskadelik. Dis alles wat dit bedek het, wat dit gevaarlik gemaak het: gebruikte reënjasse, sweetpakke en trui om die lyf. Die ruggraat was 'n klomp selfiestokke opmekaar gestapel en met gordels en selfoonkabels aaneengestring.

Die kop was bekroon met oorfone en balaklawas. Die oorlele, wat met fone behang was, het klikke-klik-klak gekletter. Die oog in die voorkop was 'n reuse kameralens, het in fokus gewhrrr en kliek-kliek foto's geneem.

Tussen die dasse en elektroniese drade om die nek, het ek die strepe van 'n serp opgemerk wat ek reeds voorheen daar gaan soek het.

En die heelyd het nog goed na die figuur aangevlieg, asof onstuitbaar deur 'n sentripetale krag ingesui. Die Ding het krakerig in beweging gekom. Maar eensklaps het dit met mening vorentoe gestorm, kloue voor dit uitgestrek uit antennes gebuig.

'n Mens kon sien Die Ding het 'n doel, 'n telos en mikpunt.

Ek het die deurknop krampagtig vasgegryp en met inspanning die deur net-net kon oopkry. Gelukkig is ek klein van bou en net toe Die Ding se asem my bereik – die reuk van poep, bloed, binnegoed en batterye wat gis – het ek by die deur uitgeglim, sonder omkyk gevlug.

Vir 'n lang tyd het ek die buurt vermy. Sake moet egter gedoen kom en ek gaan wel soms daarlangs.

Hoewel ek die ingang van die Pakstoor vermy, sien ek altyd mense daar ingaan. Maar niemand kom ooit uit nie.

Margaretha Victor

**BLIK VAN BINNE**

klere bykans onmenslik. Die plek was gans deurdrenk met die stank van mens. Die oë van die amptenare was hol. Hulle het soos outomatonne heen-en-weer gedool.

Érens agter het 'n antieke pianola op eie houtjie gespeel, op die wysie van *Die Duiwel Se Trappleer* – onder die omstandighede 'n uitstekende keuse. Vanwaar ek vlak by die uitgang gestaan het, het ek agter in die Pakstoor 'n figuur vorm sien aanneem. Die Ding het sigself soos





## BRIEWE / LETTERS

*Suidernuus* verwelkom briewe van ons lesers. Die redakteurs behou die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Briewe moet geadresseer word aan die redakteur, by [suidernuusads@isat.co.za](mailto:suidernuusads@isat.co.za). Verskaf asseblief u volle naam en adres, ook wanneer die brief onder skuilnaam aangebied word. *Southern Post* welcomes letters from our readers. The editors reserve the right to shorten and edit letters. Letters must be addressed to the editor, at [suidernuusads@isat.co.za](mailto:suidernuusads@isat.co.za). Please supply full name and address, even when offered under pseudonym.

## En wat van skermverslawings ...?

Ek het die Boekerubriek van Anneli Groenewald (*Suidernuus*, 11 Februarie, p. 9: "Boekwurms lyk sommerso, maar *watch* ons ...") met groot plesier gelees.

Ek is dit met haar en haar vriendin klinkend eens oor die *mind-altering* eienskappe van dwelmmiddels en boeke. Eersgenoemde se vernietigende, en laasgenoemde se opbouende uitwerking is selfs geboekstaaf in die wetenskap. *For what that's worth ...*

Altwee van hulle kyk egter nog 'n *mind-altering* dwelm liederlik mis -- 'n besondere tersaaklike een: Dit is een wat 'n vernietigende uitwerking op die brein en mense se sosiale patrone het wat net so erg is soos verbode dwelmmiddels. Dog is dit vryelik beskikbaar en word selfs klein kindertjies daaraan blootgestel.

Ek praat natuurlik van selfone en sosiale media.

Sal Me. Groenewald dit oorweeg

om ook 'n rubriek te skryf oor in welke mate mense se vermoë om behoorlik te kommunikeer, behoorlik te spel en behoorlik te dink deur hierdie medium ontwig word?

Ek glo sy sal saamstem dat die *mind-altering* uitwerking van sosiale media nouliks die positiewe uitwerking het van die boek. Intendeel.

En dat dit verslawend is, kan selfs die uwe, wat doelbewus probeer wegbly van dié verloklikheid, bevestig.

Die blootstelling aan sosiale media, by middel van selfone, is sonder twyfel die ingrypendste globale laboratoriumtoets waaraan ons die menslike brein onderwerp sedert Gutenberg se drukpers.

*So much for the precautionary principle ...*

Ek hoor graag van u.

**Pêdêtes Bloemerus Steinschneider, Bredasdorp**

## Lekker nuwe aanslag by Suidernuus ... en 'n paar voorstelle

Ons lees al die afgelope agtien jaar gereeld *Suidernuus*. Die nuwe aanslag is opwindend. Julle skryf 'n lekker gemaklike, goeie leesbare Afrikaans.

Die aanbieding en gemeenskapsfokus skep by mense die begeerte om te lees. Die hoofartikels is stimulerend en tersaaklik.

'n Voorstel of twee. Kan mens 'gemeenskapsjoernaliste' aanstel wat uit die gemeenskap vir die gemeenskap skryf? Bydraes in Kaaps, isiXhosa en Engels kan die blad 'n 'universele' karakter gee. 'n Opsomming van die hoofartikel in isiXhosa en miskien Kaaps, kan 'n opvoedingsrol vervul.

Skooll- en sportjoernaliste moet verantwoordelike vir hul portefeuljes neem. So ook landbou, toerisme en avontuur. Daar is veel meer!

Min mense weet wat die graan-

bousiklus is. Dit behoort deel van 'n Overberger se siel te wees. Die nuwe landboumasjienerie is voorwaar *amazing*. Die ewolusie van hierdie masjiene laat mens na jou asem snak.

Stop by die Caledon 'museum' skuins oorkant die Victoria Mall en vergelyk toeka se stoom-aangedrewe arbeidsintensiewe masjiene met vandag se eletromeganiese ruimte-era outomate.

Opwindend. Sterkte

**Louis Willemse, Napier**

(Dankie vir die komplimente en die voorstelle. Dit is hoogs waardeer! Die *Suidernuus-span* is klein en van die meer ambisieuse voorstelle sal tyd neem. Ons is egter reeds besig om werk te maak van gemeenskaps- en sportnuus. Hou dié ruimte dop. – Reds)

**Stuur skolenus na  
[suidernuusads@isat.co.za](mailto:suidernuusads@isat.co.za)**

## KENNISGEWINGS / NOTICES

### MUNISIPALITEIT KAAP AGULHAS

#### KENNISGEWING: AANSOEK OM AFWYKING EN OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDES

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 15 van die Kaap Agulhas Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015, dat die Munisipaliteit die volgende aansoek vir oorweging ontvang het:

**Eienaar** : Alwyn Nicolaas Tredoux  
**Aansoeker** : Alwyn Nicolaas Tredoux  
**Eiendom** : Erf 83 Struisbaai  
**Ligging** : 3 Eureka Straat, Struisbaai  
**Huidige sonering** : Enkel Residensieël

#### Voorstel:

#### Aansoek ingevolge die Kaap Agulhas: Verordeninge op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015:

1. Afwyking op Erf 83 Struisbaai in terme van Artikel 15(2)(b) van die sy-en agterboullyn van 2 meter na 0 meter om 'n motorhuis, stoor en afdak toe te laat.
2. Afwyking van die voorgeske 2.1 meter hoogte van 'n grensmuur na 2.3 meter in terme van Artikel 15(2)(b).
3. Opheffing van Titelvoorwaarde C.6 (d) van Titelakte T71089/98, in terme van Artikel 15(2)(f), om die voorgestelde aanbouings toe te laat

Besonderhede van die aansoek is gedurende kantoor ure by Donald October ter insae. Skriftelik gemotiveerde kommentaar, besware en verhoë ten opsigte van die aansoek ingevolge Artikel 50 van bogenoemde verordening moet voor of op **22 Maart 2022** by die Munisipaliteit ingedien word. Neem asb kennis dat enige kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word, nie oorweeg sal word nie.

Enige persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende die kantoor ure van die Munisipaliteit na ondergemelde kantoor kom waar Donald October of 'n ander amptenaar sodanige persoon sal help om sy/haar kommentaar en/of besware af te skryf.

**E.O PHILLIPS**  
**MUNISIPALE BESTUURDER**

Kennisgewing no.: KL2122-00070

Munisipale Kantore,  
Posbus 51, Bredasdorp, 7280  
Tel: 028 425 5500  
[Info@capeagulhas.gov.za](mailto:Info@capeagulhas.gov.za)



This notice is also available in English on request.  
Esi saziso siyafumaneka ngesiXhosa xa kuceliwe.

## KENNISGEWINGS / NOTICES

### MUNISIPALITEIT KAAP AGULHAS

#### KENNISGEWING: AANSOEK OM PERMANENTE AFWYKING EN VERSLAPPING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDES

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 15 van die Kaap Agulhas Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015, dat die Munisipaliteit die volgende aansoek vir oorweging ontvang het:

**Eienaar** : Michiel Hendrik Louw & Margaret Louw  
**Aansoeker** : P.J.S Olivier  
**Eiendom** : Erf 98, Suiderstrand  
**Ligging** : Rasperlaan 38  
**Huidige sonering** : Enkel Residensieël  
**Voorstel:**

#### Aansoek ingevolge die Kaap Agulhas: Verordeninge op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015:

1. Permanente Afwyking op Erf 98, Suiderstrand, van die 4m straatboullyn na 2m ten einde die voorgestelde motorhuis op te rig.
2. Permanente Afwyking op Erf 98, Suiderstrand, van die 2m Suidelike syboullyn na 1.5m ten einde die bestaande gebou te akkommodeer.
3. Verslapping van Beperkende Titelvoorwaarde C.6(b) van Titelakte No. T68068/93 op Erf 98, Suiderstrand, ten einde die 5m straatboullyn soos vervat in die title akte te oorskry.

Besonderhede van die aansoek is gedurende kantoor-ure by Jacolene Bothma ter insae.

Skriftelik gemotiveerde kommentaar, besware en verhoë ten opsigte van die aansoek ingevolge Artikel 50 van bogenoemde verordening moet voor of op **Dinsdag, 22 Maart 2022** by die Munisipaliteit ingedien word. Neem asb kennis dat enige kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word, nie oorweeg sal word nie.

Enige persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende die kantoor-ure van die Munisipaliteit na ondergemelde kantoor kom waar Me Bothma of 'n ander amptenaar sodanige persoon sal help om sy/haar kommentaar en/of besware af te skryf.

**E.O PHILLIPS**  
**MUNISIPALE BESTUURDER**

Kennisgewing no.: KL2122-00073

Munisipale Kantore,  
Posbus 51, Bredasdorp, 7280  
Tel: 028 425 5500

[info@capeagulhas.gov.za](mailto:info@capeagulhas.gov.za)



This notice is also available in English on request.  
Esi saziso siyafumaneka ngesiXhosa xa kuceliwe.





028 424 1205



072 308 4140



suidernuusads@isat.co.za

# SOEKHOEK

Tarief: R2.50 per woord - minimum bedrag R25.00 (BTW ing.) Foto's: R40  
 Tariff: R2.50 per word - minimum cost R25.00 (VAT incl.) Photos: R40

**BESPREKINGS & BETALINGS /  
 BOOKINGS & PAYMENTS:**  
 Dinsdae / Tuesdays - 17:00



## STERFGEVALLE DEATHS



Joemarie October  
 03/05/1963 - 12/02/2022  
 Begrafnisdiens vind plaas  
 Saterdag, 19 Februarie  
 2022 te VGK Bredasdorp.  
 Besigtiging by Kerk  
 08h00-08h45.  
 Begrafnisdiens  
 09h00-10h15

## DIENTE SERVICES

## THE HANDYMAN

Mike Munro  
 082 927 7014

## PAVING PLAVEISEL

Bou, Verf &  
 Algemene  
 Herstelwerk  
 Jan Wiehman  
 082 695 9780

25/03

## TE HUUR TO LET

**Flat to Let**  
 1 Bedroom  
 Built-in Cupboards  
 Fully tiled  
 Full DSTV  
 Pay-as-you-go electricity  
 Bredasdorp central  
 R4 500 p/m

**Note**  
 No children. No pets  
**Only working couple**  
 or **single working lady**  
 need apply.  
 Must have **contactable**  
**references.**  
**Whatsapp only**  
 between 9:30 am  
 and 6:00 pm  
**078 341 4900**

**TOESLUIT  
MOTORHUISE**  
 vir bote en karavane.  
 082 389 9710  
 083 250 5066  
 Faks: 028 435 7983

T/K

Woonstel te huur.  
 Verkieslik enkel  
 persoon. Binne  
 loopafstand van  
 middedorp  
 (sake-kern).  
 Kontak **072 437 9776**

## GESOEK WANTED

'n Damesfiets. Skakel  
 Mathabo le Roux  
 gedurende kantoorure  
 op  
**028 424 1205**  
 of stuur 'n e-pos aan  
[mathabo.leroux@gmail.com](mailto:mathabo.leroux@gmail.com)

## VOERTUIG VEHICLES

**TREU MOTORS**  
 Treustraet 4,  
 Swellendam  
 082 345 0297  
**Clive Treu**  
 Soek voertuie om te koop.  
 Onmiddellike eienaars-  
 verandering.  
 Toe Sondae.

24/06

**Suidernuus aanvaar geen  
 verantwoordelikheid vir  
 foutiewe plasinge nie.  
 Geen krediet sal toege-  
 staan word vir foute in  
 enige advertensie in  
 Suidernuus nie. Krediet  
 kan ook nie toegelaat word  
 vir geringe foute wat nie die  
 waarde of impak van die  
 advertensie raak nie.**

## BETREKKINGS / VACANCIES



KINDERSORG SA BREDASDORP

Kindersorg SA Bredasdorp benodig die dienste  
 van:

### TUISVERSORGING – KOÖRDINEERDER

Geregistreeerde Verpleegkundige –  
 Napier, Elim, Struisbaai en Arniston

#### Vereistes:

- Registrasie by die Raad op Verpleging
- Eie vervoer – Verpligtend
- Geldige bestuurslisensie
- Rekenaarvaardig in MS Word en Excel
- 2 x Amptelike tale
- +/- 3 Jaar werksondervinding
- Slegs aansoek van 23jr – 65 jaar oud sal oorweeg word.

Sluitingsdatum : 28 Februarie 2022

Diensaanvaarding : 01/04/2022

Epos u CV na :  
 Kindersorg Suid-Afrika Bredasdorp  
 Tel: 028 424 1580  
[childwelfaresabredasdorp@gmail.com](mailto:childwelfaresabredasdorp@gmail.com)

Indien u nie binne 20 dae na die sluitingsdatum  
 van ons hoor nie, aanvaar asb. dat u aansoek  
 onsuksesvol was.

## KENNISGEWINGS / NOTICES



### NOTIFICATION OF MAINTENANCE MANAGEMENT PLAN (MMP) PROCESS - GNEC Reference No: 50529

### MAINTENANCE MANAGEMENT PLAN FOR THE PROPOSED PERIODIC MAINTENANCE OF MAIN ROAD 264 BETWEEN BREDASDORP (KM0.84) AND THE N2 TOWARDS SWELLENDAAM (KM58.52), WESTERN CAPE

**Project Proposal:** Guillaume Nel Environmental Consultants (GNEC), as independent environmental consultants and impact assessors, has been appointed by Western Cape Government: Department of Transport and Public Works (DTPW) to submit a Maintenance Management Plan (MMP) for the proposed maintenance activities on Main Road 264 (MR264). The MMP is mostly for the maintenance of the road surface itself, but includes proposed maintenance to existing culverts, bridges and stormwater channels conveying water from the road to the surrounding watercourses. The adoption of the MMP by the Department of Environmental Affairs and Development Planning (DEA&DP) would authorize DTPW to remove sediment from the inlets and outlets of culverts and bridges situated within watercourses as well as the removal of vegetation where culverts and infrastructure is overgrown.

**Location:** The proposed works area stretches from Bredasdorp (Km0.84) to the N2 towards Swellendam (Km58.52) in the Overberg.

#### Request for adoption of the MMP by DEA&DP to undertake the following activities:

**EIA Listed Activities:** Activities 19 & 27 of Listing Notice 1 of the EIA Regulations 2014 (as amended) in Government Notice No. 327 in Government Gazette No. 40772 of 7 April 2017.

Activity 12 of Listing Notice 3 of the EIA Regulations 2014 (as amended) in Government Notice No. 324 in Government Gazette No. 40772 of 7 April 2017.

The Breede-Gouritz Catchment Management Agency (BGCMA) will be consulted for their inputs regarding the proposed maintenance activities and a water use registration process is currently underway in terms of the National Water Act, 1998 (Act No. 36 of 1998).

#### Opportunity to participate:

Public Participation: Thursday 17 February 2022 – Thursday 24 March 2022

Individuals interested and/or affected by the proposed project are invited to register with Guillaume Nel Environmental Consultants as an Interested and Affected Party (I&AP). I&APs should refer to the GNEC reference number 50529 in all correspondence, and must provide their details including:

Name, contact details, preferred method of correspondence (e.g. e-mail address or fax number) and an indication of any direct business, financial, personal or other interest which they have in the application to the contact person indicated below within the timeframes mentioned above. To register as an Interested and Affected Party and to be notified of any developments in the proposed MMP process, please contact: Guillaume Nel Environmental Consultants, attention: Mr. Divan Opperman, P.O. Box 2632, Paarl, 7620, Tel: 021-870 1874, Fax: 021-870 1873, e-mail: [divan@gnec.co.za](mailto:divan@gnec.co.za). The draft MMP will be made available electronically to any I&AP's on request and will be available on GNEC's website [www.gnec.co.za](http://www.gnec.co.za)



**Advertensies kan gestuur word na  
 suidernuusads@isat.co.za of skakel 028 424 1205**





SUIDERNUUS

SOUTHERN POST

SPORT • SPORT • SPORT • SPORT • SPORT

ARRIE NEL

APTEEKGROEP

Family Values, Values for the whole Family

Bredasdorp

Besigheidsure:

Maan tot Vry: 08h00 - 17h30

Sat: 08h00 - 13h00

Sondae: Gesluit

Vakansiedae: 11h00 - 13h00

Tel: 028 425 1558

Noodnommer: 082 775 9521

# Bredasdorp Rangers overpower Bonnievale in friendly

Bredasdorp Rangers Rugby Club's A team last week beat Bonnievale United convincingly during a friendly match held at the Glaskasteel sport complex.

The Rangers A team beat Bonnievale with a stunning 78-7 during the match which took place on Saturday, 12 February. The

Rangers B team won 48-0, while the C-team drew 0-0 against their counterparts.

Sarel Pieters, chairman of Rangers, told *Southern Post* that had the A team been able to eliminate some of their mistakes, the score might well have been over 100.

"Especially in the first half, our pack of forwards overpowered them," said Pieters. "They would be unbeatable", if the team could cut out small mistakes.

"With all that speed, and all that talent in the backs, we run you,"

said Pieters. "You wouldn't know where to stop us."

Pieters said Bonnievale put up a good fight in the first half, but in the second half the Rangers simply overpowered them.

**Wayne Arimoso**



The Bredasdorp Rangers Rugby Club's A team during their 78-7 win against Bonnievale United.  
Photo: Supplied/Revago October

The A teams of Bredasdorp Rangers and Bonnievale United during a captain's chat after the game.

## Albert Myburgh-atlete blink uit by proewe

TIDES FOR CAPE AGULHAS - FEBRUARY						
DAY			1 <sup>st</sup> TIDE	2 <sup>nd</sup> TIDE	3 <sup>rd</sup> TIDE	4 <sup>th</sup> TIDE
18 Fri		▲ 6:16 h ▼ 19:30 h	4:31 h 1.8 m ▲	10:40 h 0.4 m ▼	16:44 h 1.8 m ▲	22:47 h 0.3 m ▼
19 Sat		▲ 6:17 h ▼ 19:29 h	5:01 h 1.9 m ▲	11:12 h 0.4 m ▼	17:17 h 1.7 m ▲	23:18 h 0.4 m ▼
20 Sun		▲ 6:18 h ▼ 19:28 h	5:34 h 1.8 m ▲	11:47 h 0.4 m ▼	17:52 h 1.7 m ▲	23:52 h 0.4 m ▼
21 Mon		▲ 6:19 h ▼ 19:27 h	6:11 h 1.8 m ▲	12:26 h 0.5 m ▼	18:32 h 1.6 m ▲	
22 Tue		▲ 6:20 h ▼ 19:25 h	0:30 h 0.5 m ▼	6:53 h 1.7 m ▲	13:11 h 0.6 m ▼	19:19 h 1.5 m ▲
23 Wed		▲ 6:21 h ▼ 19:24 h	1:17 h 0.6 m ▼	7:44 h 1.6 m ▲	14:11 h 0.7 m ▼	20:21 h 1.4 m ▲
24 Thu		▲ 6:22 h ▼ 19:23 h	2:23 h 0.7 m ▼	8:55 h 1.5 m ▲	15:40 h 0.7 m ▼	21:54 h 1.3 m ▲

Drie-en-twintig atlete van Albert Myburgh Sekondêr het verlede naweek tydens die Suid-Sone Skole-atletiekbyeenkoms vir skoliere tussen die ouderdomme van 14 en 19, gekwalifiseer om aan die Suid-Boland proewe deel te neem.

Die skool se atlete het skitterend presteer en 13 goue, 17 silweren 9 bronsmedaljes ingepalm in 'n verskei-

denheid dissiplines, het Albert Myburgh se span bestuurder, Lorencia Jacobs, aan *Suidernuus* bevestig.

Die topatlete reis hierdie naweek na Caledon om daar aan die Suid-Boland proewe deel te neem. Die byeenkoms dien ook as die uitdun vir die Boland proewe, en Albert Myburgh se atlete sal fyn dopgehou word.

**Plaaslike verslaggewer**

LUISTER GERUS DUIDELIK NA CALEDON FM

Now op 103.7fm

in Bredasdorp

CALEDON IFM

89.3 FM • 99.3 FM • 103.7 FM • 107.3 FM

Jou stasie van keuse

OF AANLYN OP WWW.CALEDONFM.CO.ZA